


14 APRIL 2019

3iG

'n saam-glo dissipelskap gesprek



saam bid

Ons vind nie tyd vir gebed nie, ons maak dit.

B.I.D. staan vir:

B: Bely teenoor God Wie Hy vir jou is én bely ook jou gesukkel vir Hom.

I: Intree vir ander (bv. Jou 3iG-lede, jou familie, wêreld, ens.).

D: Dankie-sê, maak daagliks jou dankie-lys en dank God daarvoor.

LEWENS-LEUSE: Bely elke oggend en aand 1 Kor. 9:23 se waarheid:

^{*23}"Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê."

saam groei

Ons lees nie die Bybel nie, ons laat die Bybel ons lees.

Psalm 118 is 'n danklied van 'n individuele gelowige. Wanneer die digter in vers 19 uitroep: "Maak die tempelpoort vir my oop: ek wil ingaan en die Here loof", herinner dit aan 'n lied wat pelgrims gesing het en by hulle aankoms by die tempel vra om toegang te verkry. Die pelgrims het van ver gekom om die Here (Jahwe) te dank vir sy verbondstrou en die oorwinning wat Hy aan hulle geskenk het. Met die aankoms van so 'n feestelike optog na die tempel, lê elke pelgrim dan 'n soort lojaliteitsverklaring af om toegelaat te word. "Dit is die poort na die Here toe; regverdiges mag daardeur ingaan" (vers 20). Die jubelende feesgangers sluit by verskillende beurtsanggroepe in die tempel aan – sien verse 22-29. In Jer. 33:11 kondig die Here deur die profeet aan, in 'n tyd toe die tempel in puin gelê het, dat daar weer met blydschap dankoffers gebring sal word. Verse 1-19 is waarskynlik buite die tempel gesing en verse 20-29 binne die tempelpoortre. Lees nou die hele Psalm 118, veral verse 1-2 en 19-29.

saam gesels

Jesus verwag van ons minder nastaar (admiration) en meer naleef (imitation).

1. Gesels met mekaar oor die verskillende maniere waarop julle uitdrukking aan julle dankbaarheid teenoor die Here gee. Herroep tye toe jy die Here jubelend-dankbaar geloof het vir wat Hy doen en vir wie Hy is.
2. Verwondering oor God se eindelose liefde, die gave van oorwinning en die be-

lewenis van verlossing, word alles saamgevoeg in 'n feestelike optog van lofprysing en danksegging. "Faith is access to God, and discipleship is entrance into his joy" (Eugene Peterson). Noem redes vir só 'n "lofparade" as dissipels.

3. Die psalm is deurtrek met belydenisuitsprake oor wie die Here vir die digter is: "Die Here is by my" (vers 6); "Die Here is by my, Hy help my" (vers 7); "Die Here is my krag en my beskerming. Dit is Hy wat my gered het" (vers 14); "Die Here is God; Hy skenk ons die lewe" (vers 27); "U is my God, U wil ek loof..." (vers 28). Maak julle as Jesus-volgende voldoende ruimte vir hierdie soort opregte belydenisse, wat gebore is uit julle ervaring van die Here se redding, in ons aanbidding van die Here (bv. Die Here wat jou gebed verhoor het – sien vers 21)? Motiveer julle antwoord. Formuleer en skryf 'n paar eietydse belydenisse oor wie die Here vir julle is soos julle dit self beleef het.
4. Eugene Peterson skryf onder andere oor Psalm 118: "Dear God, every sin that I thought was a barrier between you and me, has been, by your grace, made into a bridge. You have used the very things that separate us as ways to approach me with new life. Thank you. Amen." (Praying with the Psalms). Bespreek hierdie aanhaling veral in die lita van verse 22-23.

saam stap

Eers vorm ons gewoontes en dan vorm die gewoontes ons.

Geloofsgewoonte: **Om die Bybel te bestudeer.** God maak Homself aan ons bekend deur sy Woord, sodat ons Hom beter kan leer ken, sy verlossing uit genade kan ontdek, Hom aanbid en om gehoorsaam aan sy wil te lewe. Dit sou ons as die essensie van dissipelkap kon beskou. Om die Bybel te bestudeer, te hoor wat die Here daarin vir jou lewe sê, is die oogmerk van hierdie geloofsgewoonte. Lees 2 Tim. 3:16; Kol. 3:16; Ps. 1 en 119:11.

Doen-dinge:

1. Lees die Bybel hardop. Memoriseer verse wat uitstaan. Luister na die Bybel op CD en laat dit jou gedagtes vul. Druk 'n vers wat jou aanspreek en plaas dit op 'n prominente plek.
2. Probeer lees oor die agtergrond, taal, kultuur en gebruikte ten einde die Bybel beter te verstaan. Skaf 'n Bybelstudiegids vir jou aan. Sluit aan by 'n Bybelstudiegroep.

Dink-dinge:

1. Dink na oor geleenthede toe die Here deur sy Woord met jou gepraat het. Watter verskil het dit in jou lewe gemaak?
2. Wat kan jy doen om moeilike gedeeltes in die Bybel beter te verstaan?
3. Waarna soek jy as jy die Bybel lees? Informasie, troos, leiding, God se teenwoordigheid?
4. Hoe kan jy met ander deel wat jy in jou besig-wees met die Bybel geleer het?

3 STAPPE

'n 3iG-groep is 'n saam-glo groep wat deur bid, groei en dien Jesus dieper volg. Drie mense wat kies om saam te bid, saam te luister en saam ons geloof te leef.

2 ANDER

Dit is slegs ek en 2 vriende wat 'n spontane groep vorm. Dit kan egter ook uit meer as drie mense wees: ons familie of vriende of kollegas of mense in die gemeente.

1 GESREK

Ons maak weekliks met mekaar kontak (deur 'n koffie-afspraak of telefonies) rondom die gefokusde saam-gesels van die week. Die leier – wat elke week wissel – sorg dat ons mekaar daardie week sien.